

'Geen rede tot kommer oor fopvleis'

DIE tradisionele vleisbedryf het tans geen rede om wakker te lê oor die produksie van plantgebaseerde burgers en ander alternatiewe vir vleis nie, aldus nuwe navorsing.

Die navorsing wat deur die Ohio-universiteit gedoen is, toon dat terwyl die verkope en marktaandeel van die nuwe slag plantgebaseerde fopvleis in onlangse jare gegroei het, daardie wins nie gelei het tot verminderde besteding op dierlike vleisprodukte nie.

Oorkoepelend het 'n ontleding van vleisaankope onthul dat plantgebaseerde vleis hoofsaaklik as bykomend tot bees- en varkvleis gesien word, terwyl daar 'n neiging is om hoender-vleis, kalkoenvleis en vis met die plantgebaseerde produkte te vervang.

Luidens die navorsers hou die alternatiewe vleis nie 'n bedreiging vir tradisionele vleis in nie, want mense vervang nie hul vleis daarmee nie. Hulle koop dié soort produkte saam met hul bees- en varkvleis.

Weeklikse data van die Nielsen-instituut van die eerste week in Januarie 2017 tot die tweede week in Julie 2020 op varsvleis-besteding by verskeie winkels reg oor 40 Amerikaanse state is vir die navorsing ontleed.

Die kategorieë het plantgebaseerde vleisalternatiewe, bees-, hoender-, kalkoen-, vark-, vars vis, lams- en eendvleis ingesluit.

Die resultate het getoon plantgebaseerde vleisalternatiewe het slegs 0,1% van die gemiddelde totale uitgawes op vars vleis tydens die studieperiode be-

hels – hoewel die alternatiewe se bemarkingsaandeel tot 0,4% gestyg het. Beesvleis was boaan die varsvleiskategorie met 46%, gevolg deur hoender met 23%, varkvleis en vis met ongeveer 12% elk, terwyl kalkoen en ander vleissoorte minder as 5% van varsvleisverkope behels het.

Beesvleis en vleis-alternatiewe was die keuses wat die duurste was.

Van al die keuses wat bestudeer is, het uitgawes op plantgebaseerde produkte die meeste gestyg wanneer daar spesiale aanbiedinge op die produkte was.

Verlaagde bees- en hoender-vleispryse het die vraag na plantgebaseerde vleis verlaag, maar laer pryse van fopvleis het nie veel van 'n uitwerking op die vraag na dierlike proteïenbronne gehad nie.

BRON: www.eurekalert.org/news-releases/949366

KLIMAAT **VRYSTELLING VAN METAANGAS KÁN VERLAAG WORD**

Huidige strategieë kan vee se metaangasvrystellings genoeg verlaag om die beesvleisbedryf in staat te stel om sy bydrae ten opsigte van die vrystelling van kweekhuisgas te beperk.

In 'n ontleding het me. Claudia Arndt van die internasionale veenavorsingsinstituut in Kenia saam met verskeie kenners van reg oor die wêreld honderde studies van eweknieë bekyk. Die studies is daarop gemik om die produk-gebaseerde en metaan-

gasvrystellings van herkouers te verminder.

Die span het bevind veeproduksie kan help om die vrystelling van kweekhuisgase te beperk indien die geïdentifiseerde en doeltreffendste verlagingsstrategieë ten volle ingestel word.

Bykomende strategieë moet ingestel word om doelwitte teen 2050 te bereik, aangesien daar verwag word dat die vraag na veeprodukte gaan toeneem.

Mikrobes in herkouers se spysverteringskanaal ontbind en fermenteer voer, 'n proses wat enteriese fermentasie genoem word en metaan as nuwe-produk produseer.

Die wêreld se meer as drie miljard herkouers stel die metaan vry wanneer hulle winde oobreek en dra sodoende tot 30% van internasionale antropogeniese metaanvrystellings by.

Ongeveer die helfte van diereproteïene word deur herkouers vervaardig. In lande met lae en middelinkomste (waar 84% van die wêreld se bevolking leef), speel herkouervee 'n belangrike rol in voedselsekerheid.

Daarenteen is die verbruik van dierlike proteïene in lande met hoë inkomste dikwels bo die aanbevole vlak.

Weens die meervoudige gebruik van herkouers en hul bydrae tot volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, het die outeurs van die studie gekyk na strategieë wat enteriese metaanproduksie kan beperk sonder om diere se produktiwiteit te belemmer.

Hulle het drie strategieë geïdentifiseer wat metaanvrystelling per eenheid vleis of melk

met gemiddeld 12% kan verlaag, terwyl die diere se produktiwiteit verhoog word.

Dit is verhoogde vlakke van voerinnam, om herkouers op minder volwasse gras te laat wei, en om herkouers verhoogde vlakke van konsentrate te voer.

Verder het hulle vyf strategieë geïdentifiseer wat die produk-gebaseerde vrystellings nie net met 17% kan verlaag nie, maar metaanvrystellings met gemiddeld 21% kan verlaag, terwyl die produktiwiteit van die dier behou word. Die strategieë sluit in om metaanonderdrukkers, olie en vette, oliesade of nitrate as byvoeding vir diere te gee, asook om herkouers met plante te voer wat ryk is aan tanniene.

In Europa is veelvuldige scenario's gevind wat nie die volle inwerkingstelling van die doeltreffendste strategieë verg om die 2030-teikens te bereik nie, terwyl die volle inwerkingstelling van die doeltreffendste strategieë dit moontlik sal maak om die 2050-doelwit te behaal.

In teenstelling daarmee is bevind dat hoewel aansienlike dalinge in Afrika behaal kan word, die strategieë nie voldoende sal wees om die mikpunte vir 2030 of 2050 te behaal nie.

Dit is omdat Afrika se groeiende bevolking en vraag na diereprodukte per kop na verwagting tot 'n aansienlike toename in veeproduksie en kweekhuisgasvrystellings sal lei.

Die verwagte toename is egter steeds heelwat laer as Europa se vraag per kop. **LBW**

BRON: bit.ly/3xChDf6

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102
E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za